#HoeNou?! – Episode 7: Dink jy met jou kop of hart?

Waar word liefde gekweek: In jou hart of in jou kop?

Voel ’n mens liefde en ander emosies in jou hart of in jou brein? Logika sê vir ons dit móét in ons breine wees, maar hoekom sê jy dan jou hart is séér? Waar kom die idee vandaan dat ons emosies – en veral die liefde – in ons harte geleë is? En hoekom pyn jou hart fisiek as jy hartseer is? Wat is gebrokehartsindroom?

Het jy geweet?

- Die neurowetenskappe het al aangetoon dat liefde gaan oor komplekse breinprosesse wat verband hou met o.a. erkenning, doelgerigte motivering, belonging en selfbeeld.
- Die idee dat die liefde in ons harte sit kom reeds 3 000 jaar voor Christus toe die Egiptenare geglo het die hart is die setel van denke, geheue, jou wil en emosies.
    - Vir hulle was die hart, maag en ingewande belangrik, maar nie die brein nie.
    - Dit is dan ook die rede waarom die Farao’s sonder hulle breine begrawe is.
- Tussen ongeveer 520 en 370 voor Christus bevind die Grieke egter dat dit nie waar is nie, maar dat alle emosies in die brein gesetel is.

- Eers in die jaar 2000 toe die eerste groot studie oor liefde en die brein gepubliseer is in die wetenskaplike tydskrif *Clinical Trial* met die titel *The neural basis of romantic love*, het die modern wetenskap bewys dat die brein eintlik die setel is van liefde.

Wat is gebrokehartsindroom?

Dit is die toestand waar jy jou dood kan rou oor ‘n geliefde, maar word as ‘n mediese werklikheid beskou.

Het jy geweet?

- Dit staan ook bekend as **streskardiomiopatie** of **takotsubo-kardiomiopatie**.
- Die toestand is in die 1990’s deur ’n span Japannese dokters gediagnoseer en word vandag algemeen deur kardioloë aanvaar.
- Oorsprong van die naam van die sindroom:
    - **kardio-**: Antieke Grieks καρδία (kardía, “hart”).
    - **mio-**: Antieke Griekse konfiks μῦς (mûs, “muis; spier – muscle”)
    - **-patie**: Antieke Grieks πάθος (páthos, “lyding”) + -ie

Interessant:

- Die **takotsubo** is ‘n soort pot waarin seekatte gevang word en met streskardiomiopatie kry jou hart ’n soortgelyke vorm.

Wat van ‘n mens se maag? Die spreekwoord sê: “Uit die oorvloed van die hart spreek die mond.” Waar kom dit vandaan?

- Dit is ’n Bybelversie wat deel geword het van die idioomskat.
- *Met een voet in die Bybel* (Gert Janse van Rensburg; 2020) wys hy daarop dat ons dit uit Mattheus 12:34 kry: **Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.**

Interessant:

- Tweederdes van die mense praat van “**Wat** die hart van vol is …”, maar die korrekte uitdrukking is “**Waarvan** die hart vol is …”

Waar kom die uitdrukking “Om iemand se hart te steel” vandaan?

- Volgens Gert Janse van Rensburg kom dit o.a. uit 2 Samuel 15:6 waar Absalom koning Dawid se onderdane omhels en soen in ’n poging om hulle harte te steel. “...Absalom het sodoende die harte van die manne van Israel gesteel.”
- Dit gaan dus nie oor romantiese liefde nie, maar het aanvanklik gegaan oor enige liefde of guns wat die persoon wou wen. Dit is natuurlik vandag steeds van toepassing.

Bronne:

- Digitised translations — Shakespeare ZA
- Tell Me Where Is Fancy Bred? Shakespeare Songs Music Lyrics (shakesongs.com)
- The Merchant of Venice - ESAT (sun.ac.za)
- Darling, I love you ... from the bottom of my brain (theconversation.com)
- The neural basis of romantic love - PubMed (nih.gov)

BRON EN EIENDOMSREG: GERHARD VAN HUYSSTEEN EN SU-AN MÜLLER-MARAIS.